KONFERENSIE

## Bewaringsboerdery: Kollig val vanjaar op soja

**DIE** jaarlikse konferensie oor bewaringsboerdery op Drakensville in KwaZulu-Natal, waarvan *Landbouweekblad* 'n mediaborg is, begin op 2 September met 'n uitgebreide kyk na die produksie van sojabone.

Eerste op die program is dr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting (PNS), wat oor die uitbreidingsmoontlikhede vir sojaproduksie in Suid-Afrika sal praat.

Dan sal die invloed van genotipe, ry-spasiëring, plantdatum en plantpopulasie op soja-opbrengste onder die loep kom, asook bemesting en siektebestryding. Ander sprekers sluit in dr. Antony Jarvie en dr. Rikus Kloppers van Pannar, mnr. Wessel van Wyk, sojaboon-konsultant vir die PNS, en dr. Ahmed Hassan van die LNR se Instituut vir Plantbeskerming.

Boere sal ook oor hul eie probleme en suksesse met geenbewerking vir soja praat, gevolg deur sessies oor glifosaat-gebruik deur dr. Charlie Reinhardt, kenner van plaagbestryding, en die herstel van uitgewerkte grond vir geenbewerking deur onder andere dr. Wayne Truter van Tukkies.

Die derde dag se besprekings sal oor die integrasie van veevertakkings in geenbewerkingstelsels handel.

Plaasbesoeke is ook op die program, asook die gebruiklike uitstallings van werktuie en toerusting.

NAVRAE: Me. Sandra Findlay, 082 472 5987, tel. 033 330 2062 of ntcsandra@gmail.com, of Moira by tel. 033 320 1070 of ntcmoira@gmail.com. Die volledige program en meer inligting is op www.notillclub.com.

WENNERS

## Boere vir bewaring vereer

**TWEE** Vrystaatse boere wat bewys het dat plaasbeplanning, wetenskaplike veldbestuur en 'n aangepaste veldbestuurstelsel die ontwikkeling van hul boerderye ekonomies regverdig, is aangewys as die Weidingsvereniging van Suider-Afrika (WVSA) se bewaringsboere vir 2014.

Mnre. Arnold Griesel en Kobus Marais het gesamentlik die Peter Edwards-trofee op die 49ste kongres van die WVSA naby Bloemfontein ontvang.

Griesel en sy vrou, Lizette, van die plaas Grootzuurfontein by Springfontein boer met Geelbek-Merino's en 'n Rooi Poenskopbeesstoetery.

Ná 'n beroepsloopbaan het Griesel met sy terugkeer na sy familiegrond in 2000 van die begin af wetenskaplik in dié skyn-Karooveld begin boer. Sy mikpunt met veldbestuur en boerderybeplanning is veldverbetering en die verhoging in weidingsvermoë deur die toepassing van verskillende veebeladings volgens veldpotensiaal en reënval.

Hy pas 'n weiveldbestuurstelsel toe waarvolgens kampe in drie groepe verdeel word en elke groep drie maande lank benut word en dus ses maande rus.

Die WVSA se bewaringsboere vir 2014. Van links is dr. Mias van der Westhuizen van die Universteit van die Vrystaat (beoordelaar), mnre. Arnold Griesel en Kobus Marais, me. Ada Topkin, dr. Herman Fouché van die UV (beoordelaar), mnr. Winston Topkin en sy vrou, Beryl, en sy broer, Julian, en prof. Hennie Snyman van die UV (beoordelaar). FOTO: VERSKAF

Die weidingsvermoë word deurlopend volgens veldtoestand en seisoenale reënval aangepas.

Die plase se veldtoestand het oor die afgelope tien jaar met 20% verbeter. Verskeie inligtings- en boeredae is reeds op sy plaas gehou en opleidingkursusse word aan werkers gebied.

Marais, 'n voormalige LUR vir landbou in die Noord-Kaap, en sy vrou, Marelize, boer met Bonsmaras naby Petrusburg.

Hy het die plaas Olive Hill, wat slegs uit drie kampe bestaan het, tot 'n volhoubare vleisbeesproduksie-eenheid met 18 veldkampe verbeter. Altesame 400 ha kontantgewasse is na aangeplante weiding omgeskakel. Die aangeplante weiding is in 26 kampe onderverdeel vir die doeltreffende benutting daarvan.

Die veld se weidingkapasiteit is tans 29% hoër as die departementele norm. Met die vestiging van aangeplante weiding is die plaas se drakrag met 80% verhoog. Hy pas 'n weidingstelsel toe waarvolgens tot nege kampe per trop toegeken word.

Die Topkin-gesinsboerdery is die WVSA se beste nuwelingboere in die Vrystaat.

Mnr. Harry Topkin, sy vrou, Ada, hul seun, Winston, en sy vrou, Beryl, boer naby Koffiefontein op 'n deel van die plaas Rooidam in die Oppermansgrond-gebied met Dorperskape en Ngunibeeste. Hulle beskou hulself as gras-pleks van veeboere.

'n Kenmerk van hul boerdery is dat die Topkins op slegs 456 ha in dié Karoo-agtige veld met 'n jaarlikse reënval van 400 mm reenval suksesvol ten opsigte van hulpbronbewaring boer.

Die weidingstelsel bestaan uit vyf kampe wat meestal met twee troppe benut word.

Mnr. Harry Topkin is kort voor die aanwysing oorlede.

- JOHAN NORVAL

SAKATA

## Groenteboere genooi na inligtingsdag

**DIE** jongste ontwikkelinge in die politiek, die ekonomie en wetgewing wat die varsproduktemarkte raak, gaan op Sakata Saad Suider-Afrika, een van die grootste verskaffers van groentesaad in Suider-Afrika, se inligtingsdag op 20 Augustus by die Thatch Haven Country Lodge, Brits, bespreek word.

Mnre. Johan Borcherds en Dawie Klopper van PSG Finansiële Dienste gaan oor landboufinansies en die makro finansiële posisie en vooruitsigte vir Suid-Afrika praat. Prof. Kobus van der Walt van die Noordwes-Universiteit gaan gesels oor die klimaat en klimaatsverandering, terwyl dr. Theo de Jager van Agri SA oor die grondwetlike beskerming van eiendomsreg en die Nasionale Ontwikkelingsplan se voorstelle vir grondhervorming sal praat.

Mnr. Mike Cordes, hoofbestuurder van die Instituut van Markagente van SA, sal die nuutste wetgewing bekyk wat op die varsproduktemarkte van toepassing is.

Verskeie verskaffers van produksiemiddele sal ook die dag bywoon om hul nuutste produkte vir die groentebedryf bekend te stel.

NAVRAE: Me. Monica Brits, tel. 011 548 2800 of e-pos Monica.Brits@sakata.eu, mnr. Jan van der Merwe, 083 629 3295 of e-pos Jan.vdMerwe@sakata.eu, of mnr. Kobus van Heerden, 083 645 8586 of e-pos Kobus.vanHeerden@outlook.com.